My liewe broer en suster

Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen. (Efesiërs 3:20-21)

Soos wat jy seker bewus is, kan ons vanaf die 14de Junie 2020 weer terug keer om in ons gebou, in Secret Harbour Community Centre, te aanbid. Hierdie is egter nie 'n terugkeer na **"normaal"** nie. Die terugkeer na ons plek van aanbidding gaan steeds met groot beperkings gepaard.

Vir ons is jou veiligheid en gesondheid van uiterste belang, daarom vra ons jou sommer nou al om as kinders van God te aanvaar dat die regering wat deur God oor ons aangestel het, die beste weet en daarom uit eerbied en respek vir God, sal ons gehoorsaam wees aan die reëls en riglyne.

So ons keer terug op grond van die volgende voorwaardes"

1 **Beperking op aantal mense**: In terme van die Covid-19 riglyne mag ons in die groot saal nie meer as 100 mense huisves nie, die Youth Church 28 en die twee kinderkerke sale 30 elk. Ons sal die getalle bestuur en dit mag dalk gebeur dat as daar meer as 100 mense is dat ons die res in van die kindersale sal akkomodeer, met 'n "life-feed" vanuit die hoofsaal. As ons die maksimum kapasiteit bereik, sal ons ongelukkig nie meer mense kan toelaat nie.

2 **Fisiese afstand**: Volgens die riglyne moet ons steeds die 1.5m van mekaar reël handhaaf. Dit beteken dus dat fisiese kontak tussen mekaar nie aanbeveel word nie. Handdrukke en drukkies sal ongelukkig nie kan plaasvind nie.

Die stoele sal 1.5m uitmekaar gepak word. Families is welkom om stoele nader te trek as hulle in families wil sit.

Daar sal by die ingange en by die verversingsbedieningsplekke duidelike merkers ("X") op die grond wees om aan te dui waar mense moet staan.

3 **Hygiene**: Daar sal by die ingang "hand-sanitiser" beskikbaar wees. Dit is 'n vereiste dat almal wat die gebou binne gaan eers hulle hande moet skoon maak voordat hulle die gebou ingaan. Daar sal ook handewas seep en papierhanddoeke in die toilette beskikbaar wees.

Ons sal toesien dat alle stoele voor die tyd skoongemaak word. Alle harde oppervlaktes en toiletdeure sal skoongemaak word voor die tyd. Ons het hande nodig om te kom help, kontak Danie by 0450 073 371, as jy wil kom help.

4 **In en uit gaan:** Ons gaan vir eers net die hoofingang gebruik om in te gaan. Omdat elke persoon se teenwoordigheid aangeteken moet word, kan daar dalk 'n opeenhoping by die ingang wees, hou asseblief 'n veilige afstand tussen die persoon voor en agter jou. Ons sal die twee voordeure van die hoofsaal as uitgang gebruik vir ouers sonder kinders. Die Youth Church word gevra om hulle buitedeur as uitgang te gebruik. Ouers moet kinders gaan asseblief deur die hoofingang uit.

5 **Verversings:** Ons sal tog baie graag na die tyd wil kuier. Ons sal toesien dat die koffie/tee net deur een of twee persone hanteer word. Die mense wat in beheer van die bediening is, het volgens die riglyne van die regering, die *AHA Hospitality & Tourism COVID-19 Hygiene Course* voltooi.

Warm water en melk sal deur hulle geskink word. Ons mag nie **staan** en kuier nie. Daarom sal ons oral op die vloer merkers ("X") sit waar mense in groepe mag sit. Ek weet julle bring soms lekkernye van die huis af, maar totdat ons weer na normaal kan terug keer, sal ons dit ongelukkig nie nou kan toelaat of ontvang nie.

6 **Simptome:** Soos ons gesê het, is julle veiligheid vir ons die hoogste prioriteit, daarom gee ons graag gehoor aan die riglyne van die regering en gesondheid kundiges. As jy enige simptome van griep het, of koors het of hoes en nies, of as jy in die laaste 14 dae oorsee was, of blootgestel was aan iemand wat Covid-19 positief getoets is, bly asseblief by die huis en volg die dienste aanlyn. As jy voel jy is in een van die kwesbare kategorieë, dalk iemand wat chronies siek is, of wie se immuunstelsel af is bly by die huis en volg ons aanlyn.

7 **Inteken:** Dis 'n vereiste dat ons rekord hou van almal wat die dienste bywoon. So maak asseblief seker dat jy by die ingangsportaal inteken. Jy sal binnekort 'n "Bar-code" ontvang. Stoor dit op jou foon of druk dit uit en bring dit saam. Ons sal ook 'n lys met "bar-codes" by die ingang beskikbaar hê. So wanneer jy arriveer sal jou bar-code "ingescan" word. As jou inligting nie op ons stelsel is nie, teken asseblief by die info tafel in, ons sal dan toesien dat jy volgende week 'n "bar-code" het.

8 **Algemeen:** Soos jy weet is dit maar koud in die gebou. Ons kan ongelukkig nie ons komberse as gevolg van 'n gesondheidsrisiko uitdeel nie. Bring asseblief jou eie warm kombersie saam, trek warm aan, ons wil nie hê jy moet koud kry en siek word nie.

Kan alle ouers met kinders jonger as 18 jaar, wat die kinderbedieninge op 'n Sondag (kategese en 'Youth Church') en/of Vrydagaande bywoon, asseblief die aangehegte vorm voltooi en terugstuur? Ons wil seker maak dat ons al die nodige inligting en toestemming het om veilig voort te gaan met die aktiwiteite en dit help ook om die inteken van die kinders makliker te maak.

As jy enige idees het om ons verder mee te help om ons mense veilig te hou, voel vry om enige van die leiers of leraars te kontak.

Vir enige verdere inligting voel vry om ons te kontak, of gaan na ons webblad www.deogloriarockingham.com.

Peet and Nathan

My dear brother and sister,

Now to him who is able to do immeasurably more than all we ask or imagine, according to his power that is at work within us, 21 to him be glory in the church and in Christ Jesus throughout all generations, for ever and ever! Amen. (Ephesians 3: 20-21)

As you may be aware, from June 14, 2020, we may return to worship in our building, in Secret Harbor Community Centre. However, this is not a return to "normal". The return to our place of worship is still accompanied by great limitations.

Your safety and health are of utmost importance to us, so we ask you to accept as children of God now that the government appointed by God knows best for us and therefore out of reverence and respect for God, we will obey the rules and guidelines given.

So, we will return based on the following conditions:

9 **A limit on the number of people**: In terms of the Covid-19 guidelines, we can accommodate no more than 100 people in the large hall, the Youth Church can accommodate 28 and the two children's churches halls 30 each. We will manage the numbers and it may happen that if there are more than 100 people, we will then accommodate the rest in the children's rooms, with a "live feed" from the main hall. Unfortunately, if we reach the maximum capacity, we will not be able to allow more people.

10 **Physical distance:** According to the guidelines, we still need to maintain the 1.5m distance between one another. This means that physical contact between one another is not recommended. Unfortunately, handshakes and hugs will not be possible.

The chairs will be packed 1.5m apart. Families are welcome to move chairs if they want to sit together.

There will be markers ("X") at the entrances and at the refreshment stations to indicate where people should stand.

11 **Hygiene:** There will be "hand sanitizer" available at the entrance. It is a requirement that everyone who enters the building must first clean their hands before entering the building. There will also be hand soap and paper towels available in the bathrooms.

We will ensure that all chairs, hard surfaces and toilet doors are cleaned ahead of time. We need hands to help, please contact Danie on 0450 073 371, if you would like to come and help.

12 **Entrance & Exit:** We will only use the main entrance to enter because each person's present must be recorded. There may be congestion at the entrance, so keep a safe distance between the person in front of and behind you. We will use the two front doors of the main hall as an exit for parents without children. The Youth Church is asked to use their exterior door as an exit. Parents with children can use the main entrance.

13 **Refreshments:** We would love to spend time with each other afterwards. We will ensure that the coffee / tea is handled only by one or two people. Those in charge of the ministry completed the *AHA Hospitality & Tourism COVID-19 Hygiene Course* according to government guidelines.

Hot water and milk will be poured by them. We not allowed to stand whilst we are drinking coffee / tea. Therefore we will place markers (“X”) on the floor where people may sit in groups. I know sometimes people bring refreshments from home, but until we can return to normal, we unfortunately will not be able to allow or receive them now.

14 **Symptoms:** As mentioned, your safety is our top priority, so we will abide by the government guidelines and health experts. If you have any flu symptoms, or have a fever or cough and sneeze, or if you have been overseas for the last 14 days, or have been exposed to someone who has tested positive for Covid-19, please stay home and follow the services online. If you feel you are in one of the vulnerable categories, maybe someone who is chronically ill, or whose immune system is low, you are welcome to join us online.

15 **Record Keeping:** It is a requirement that we keep a record of everyone attending the services. So please make sure you log in at the entrance. You will receive a “Bar Code” soon. Print it out and bring it along. We will also have a list of “bar codes” available at the entrance. On arrival your bar code will be "scanned." If your information is not on our system, please log in at the info table, and we will ensure that you have a bar code next week.

16 **General:** As you know, it is cold in the building. Unfortunately, we are unable to distribute our blankets due to a health risk. Please bring your own warm blanket, dress warmly, we do not want you to get a cold and get sick.

Can all parents with children under 18 who attend the children's ministries on a Sunday (Sunday school and Youth Church) and / or Friday evenings, please complete and return the attached form? We want to make sure that we have all the necessary information and permission to proceed safely with the activities and it will also make the check-ins of the children easier.

If you have any ideas to further help us keep our people safe, feel free to contact any of the leaders or pastors.

For any further information feel free to contact us, or go to our website at www.deogloriarockingham.com.

Peet and Nathan